



**VERSLAG VAN DIE TRUSTEES VAN DIE SAKE VAN DIE OUDE WESTHOF OORD  
BESTUURSVERENIGING ("die Bestuursvereniging") VIR DIE PERIODE 1 MAART 2022  
TOT 28 FEBRUARIE 2023**

---

## **INLEIDING**

Hierdie verslag word ingevolge Klousule 28(5) van die Grondwet aan lede vir oorweging voorgelê.

Die werksaamhede, pligte en bevoegdhede van die Bestuursvereniging word behoudens die bepalings van die Deeltitelskemasbestuurswet, 2011 (Wet Nr. 8 van 2011), die Grondwet van die Bestuursvereniging en enige beperkinge opgelê of opdragte gegee by 'n Algemene Jaarvergadering, uitgeoefen en uitgevoer deur Trustees wat kragtens die Grondwet aangestel is.

## **RAAD VAN TRUSTEES**

Die volgende persone het gedurende die verslagperiode as Trustees gedien:

<b>NAME</b>	<b>WYSIGINGS</b>
Mnr WF van der Merwe	Voorsitter
Mnr F Vleggaar	Onder-Voorsitter
Dr AG Dreyer	
Mnr C Heyns	
Mnr HW Hurter	
Mnr N Müller	
Me E Myburg	Aangestel 22 Junie 2022
Me M Rademeyer	
Mnr JJ Rousseau	
Me B Smit	Bedank 3 Junie 2022
Mnr BK Wehrle	

## **SUBKOMITEES**

Die Grondwet magtig die Raad van Trustees om ingevolge Klousule 17(2)(c) van die Grondwet subkomitees te vorm vir die oorweging van spesifieke aangeleenthede met die voorbehoud dat sodanige subkomitees nie die bevoegdheid sal hê om die Bestuursvereniging in reg te bind nie, of om besluite te neem nie, maar in elke geval moet aanbevelings verwys word na die Raad van Trustees, by elke daaropvolgende Raadsvergadering.

Die Raad funksioneer tans met vier (4) Subkomitees, te wete:

- Finansiële Komitee onder voorsitterskap van mnr Frits Vleggaar
- Onderhouds- en Sekuriteitskomitee onder voorsitterskap van mnr Jannie Rousseau
- Spysenieringskomitee onder voorsitterskap van mnr Chris Heyns
- Sosiale Komitee onder voorsitterskap van Dina Vleggaar

Die subkomitees is saamgestel uit lede van die Raad van Trustees, wat aangevul word deur inwoners wat bereid is om diens aan die Oord te lewer.

Die lede wat gedurende die verslagperiode op die subkomitees gedien het, is soos volg:

\* Die Voorsitter van die Raad van Trustees en die Bestuurder dien *ex officio* op alle subkomitees

### **1. FINANSIES**

Frits Vleggaar: Voorsitter  
Hennie Hurter  
Nick Müller  
Estelle Myburg  
Bruno Wehrle

### **2. ONDERHOUDS- EN SEKURITEITSKOMITEE**

Jannie Rousseau: Voorsitter  
Allan Birkett – Nutsvoorman  
André Dreyer  
Chris Heyns  
Donovan Hewitt - Tuinvoorman  
Hennie Hurter  
Ina Hurter  
Maretha Rademeyer – Voorsitter Tuine  
Gerda van der Merwe

### **3. SPYSENIERING**

Chris Heyns: Voorsitter  
Ina Prevedello - Verpleegbestuurder  
Dina Vleggaar  
Laetitia Adonis – Senior Eetkamerpersoneel  
Brenda Smit – Voorsitter tot 3 Junie 2022

#### 4. SOSIAAL

Dina Vleggaar (Voorsitter)  
Louise van der Merwe  
Marita de Wet  
Frances Loubser  
Alida Pretorius  
Hanna Janse van Vuuren  
Henriette Bruwer

Aan voormelde subkomiteelede 'n woord van waardering vir die waardevolle insette wat elkeen gelewer het om die bestuur van die Oord te vergemaklik. Dit is reeds 'n instelling dat die subkomitees maandeliks vergader, gewoonlik in die week wat die maandelikse Trusteevergaderings voorafgaan. Die notules van die subkomitees word by die Trusteevergaderings ter tafel gelê en voorstelle of aanbevelings word gedebatteer en besluite geneem.

'n Spesiale woord van dank en waardering word oorgedra aan die volgende persone wat die subkomitees bygestaan het in hul take:

- Lorette Brink, Vanessa Edwards-Stoman en Carmelita Albertyn van die diensverskaffer WPC.
- Thando Makapela, die spanleier van Imvula Sekuriteit.
- Me Ena Botha, me Vena Crisswell, me Anni Tregoning en me Estelle Myburg vir dienste in die biblioteek gelewer.

Voormelde vergaderings is onontbeerlik vir die behoorlike bestuur van die Bestuursvereniging.

#### FINANSIES

##### Resultate vir die jaar tot 28 Februarie 2023.

Bevredigende resultate word gerapporteer:

- 1 Bedryfsinkomste: Totale inkomste het R9 804 663 bedra, effens beter as begroot.
- 2 Bedryfsuitgawes: Totaal van R11 754 223, ongeveer 6.3% onder begroting.

Die grootste areas van onderbesteding was Water & Riool (R536K en R357K onderskeidelik) en salarisse (R125K). Die hoofrede was dat ons 'n krediet van meer as R500K van Kaapstad Munisipaliteit ontvang het a.g.v 'n foutiewe meter. Alhoewel daar nog steeds individuele areas van oorspandering was, was dit relatief klein. Dit was in die areas van Instandhouding (R165K), Klubhuisdienste (R99K) en Admin-Fooie (R76K).

- 3 Bedryfstekort: Die bedryfstekort vir die jaar beloop R1 949 560.

- 4 Ander Inkomste, Rente en Belasting: Uittreeffings van R5 248 250, ander inkomste van R7 500, rente ontvang van R289 252 en belasting van R58 279 het in totaal R5 486 723 beloop.
- 5 Netto Surplus: Die netto surplus vir die jaar beloop R3 537 163.
- 6 Administratiewe Fonds: Hierdie fonds word saamgestel vanuit alle inkomste en uitgawes en die balans teen jaareinde was R7 088 874.
- 7 Reserwefonds: Hierdie fonds kan aangewend word vir buitengewoon groot instandhoudingskoste en kan aangevul word uit die Administratiewe Fonds soos benodig. Die balans bedra R6 472 424 teen jaareinde, wat binne die voorgeskrewe vlakke val.
- 8 Aanwending van Fondse: Die Administratiewe Fonds surplus, plus die Reserwefonds word teen jaareinde aangewend vir die Sorgsentrumlening van R7 754 271 en die restant-fondse setel in rentedraende deposito's van ongeveer R5,7 miljoen.
- 9 Uittreksel uit Gekonsolideerde Resultate (Verwys na Bylae 'A'):
 

• Totale Inkomste	R 16 890 396
• Totale Uitgawes	R 19 534 615
• Bedryfstekort	R 2 644 219
• Ander Inkomste, Rente en Belasting	R 5 783 633
• Netto Surplus	R 3 139 414
• Totale Bates	R 39 496 729
• Totale Ekwiteit en Fondse	R 31 586 636

## EIENDOM EN INSTANDHOUDING

Mnr Allan Birkett presteer uitstekend in sy pos as opsigter van die nutsspan en is 'n aanwys vir die Oord.

Verskeie gebarste pype, munisipaal, sowel as besproeiing, het gedurende die verslagtydperk aandag geveg en is herstel. Verskeie eenhede is binne geveg, vir die eienaars se rekening. Die verf van die buitekant van huise in Eerste Laan, sowel as Tweede Laan is voltooi en die span is nou driekwart klaar in Derde Laan. Die verf van die pallisadeheining om die Oord is voltooi.

Daar word stelselmatig voortgegaan met die vervanging van deurgeroeste platdakplate, met Cliploc-plate ten spyte van die skaarste daarvan, wat hierdie proses vertraag. Tydens dakvervangings word ook aandag geskenk aan isolering en foutiewe waterpype. Gedurende die verslagperiode moes rioolpype by etlike huise vervang en herlei word.

Plaveiselwerk is by verskeie eenhede gedoen.

Herstelwerk is aan verskeie pompe wat onklaar geraak het, gedoen of pompe is vervang. Pompe en filters by die tenkaanleg, sowel as by die besproeiingsaanleg, word gereeld skoongemaak of vervang, sou dit nodig wees.

Die nutsspan was ook grootliks betrokke by die omskepping van 'n gedeelte van die Gesondheidsorggebou in nuwe hulpsorgwoonstelle.

Straatligte wat nie brand nie, se gloeilampe word voortdurend vervang.

Die Oord het 'n 150KVA kragopwekker aangeskaf wat gedurende beurtkrag krag lewer aan die Gesondheidsorggebou, aan die bestaande, asook nuwe hulpsorgeenhede, die kombuis, kantore, eetsaal, raadsaal, vergadersaal en sommige straatligte.

Die loopgang vanaf die nuwe hulpsorgwoonstelle na die ingang van die hoofgebou, is voorsien van 'n dak en die sykante is met glaspanele toegemaak. Die paadjie vanaf die parkeerarea na die hoofgebou is aan die noordwestekant met glaspanele afgeskort. Hierdie verbeterings is 'n enorme aanwinst vir inwoners gedurende gure winterweer.

## **SEKURITEIT**

Geen ernstige sekuriteitsinsidente is tydens die verslagperiode in die Oord ondervind nie. Die sekuriteitspersoneel is professioneel in hul optrede, is vriendelik en hulle voer hul pligte bekwaam uit. Ons samewerking met die sekuriteitsdiens ADT, wat die Van Riebeeckshofarea bedien, is op 'n gesonde grondslag.

Die sekuriteitskameras rondom die Oord werk uitstekend en word gereeld nagegaan om optimum verrigting te verseker. Sekuriteit van die Oord is van uiterste belang en sal nooit afgeskeep word nie. Die bestaande paniekknoppie-stelsel is erg verouderd en word stelselmatig met 'n moderne digitale stelsel vervang.

## **TUINE**

Tuine word deur die tuinspan, onder leiding van Donovan Hewitt, onderhou.

Gedurende die verslagperiode is verskeie projekte aangepak en voltooi, nl. nuwe bome is by Kortelaan geplant, die heining by die hulpsorgeenhede is teruggesnoei om plek te maak vir nuwe parkeerafdakke. Die afloop van die dam in Vyfde Laan is oopgemaak en plante is verwyder. Die groot dam is ook skoongemaak en uitheemse plante is verwyder. Etlieke bome moes deur 'n privaatrekonstrukteur verwyder word a.g.v siektes en nuwe plante is by die nuwe hulpsorgeenhede geplant.

Die Bokpark se populiere is weggesnoei van die grensheining af en die grensheining en 'n area van 'n meter is buite-om die Oord gesnoei, skoongemaak en met plantgif bespuit.

Op aanvraag van inwoners is baie tuine vereenvoudig en is gras geplant. Verskeie inwoners maak van addisionele werkers gebruik om hul tuine te onderhou. Vragte grond is verkry om ongelyke areas in die Oord op te vul.

Damme en strome word op 'n gereelde basis skoon- en netjies gemaak en word met kopersulfaat bespuit om alge te verwyder.

Gif word gespuit op areas waar nodig, soos plavleisel, grasperke en sypaadjies. Privaatmaatskappye is in diens geneem om behulpsaam te wees met die proses.

Heinings, bome en struik word deurlopend gesnoei. 'n Privaatkontraakteur was behulpsaam met die snoei van King Fisherlaan se bome.

Loffels word deurlopend versorg en skoongemaak en, waar nodig, met grondbedekking wat min arbeid vereis, herbeplant.

Sakke kompos wat deur die Bestuursvereniging aangekoop word, kan deur inwoners vir hul tuine aangekoop word.

Die tuin by die ingang word seisoenaal versorg.

## **SPYSENIERING**

Na afloop van die Covid-pandemie is dit 'n riem onder die hart om te ervaar dat die meeste van die inwoners stadigaan weer begin het om in die eetkamer te kom eet. Hulle het besef dat hulle mekaar se geselskap nodig het.

Daar is ook met hartseer van Brenda Smit afskeid geneem in Junie 2022 toe sy finaal afgetree het. Sy word bedank en sy word net die mooiste vir die toekoms toegewens.

2022 het met ernstige kragonderbrekings begin en die situasie het net stelselmatig versleg. Nietemin het die kombuis- en eetkamerpersoneel wondere verrig deur heerlike maaltye teen 'n tempo van ongeveer 300 maaltye per dag voor te berei.

Spesiale etes soos Valentynsdagete, Kersete, braai vir Trustees en ander sosiale funksies is deur die loop van die jaar met groot sukses, in samewerking met die Sosiale Komitee, kantoor, kombuis- en eetkamerpersoneel, aangebied.

Leatitia Adonis het van WPC weer na die eetsaalpersoneel verskuif en Carmelita Albertyn is in haar plek by WPC aangestel. Daar was baie min ontwrigting met die verskuiwing.

Die Voorsitter van die Sosiale Komitee, mev Dina Vleggaar, asook Matrone Prevedello van die Sorgsentrum, woon die maandelikse vergaderings by en wanneer moontlik ook die Voorsitter van die Raad, mnr Ferdie van der Merwe.

Ten slotte word die WPC Kombuisbestuurder, Vanessa Edwards, en haar span vir hulle harde werk en voorbereiding van heerlike maaltye onder moeilike omstandighede weens beurtkrag bedank.

Al die rolspelers word vir 'n suksesvolle 2022 / 2023 in die eetsaal, Sorgsentrum en aflewering van etes bedank.

## **SOSIAAL**

Na 'n tydperk van geen funksies nie, is die Sosiale Komitee weer aan die gang.

Funksies wat gedurende die verslagperiode aangebied was, was 'n verwelkomingstee vir al die nuwe intrekkers vanaf 2020 tot Februarie 2022. Hierdie geleentheid was baie goed bygewoon.

'n Sop- en Speletjiesaand, Lentetee, Kersete en Valentynsete is in samewerking met die kombuispersoneel, wat vir die spyseniery verantwoordelik was, is ook aangebied.

Ons streef daarna om in die toekoms op 'n gereelde basis verskillende funksies te reël.

Die ondersteuning van ons inwoners word opreg waardeer en u word daarvoor bedank.

### **Kommunikasie met lede**

Kommunikasie met lede vind op deurlopende basis plaas by wyse van inligtingsvergaderings, rondskrywes, maandelikse Gazette en groep-sms-boodskappe.

### **Personeel**

Gedurende die verslagperiode het die Bestuurder en personeel weereens 'n waardevolle diens aan die inwoners gelewer. Die Raad van Trustees wil graag langs hierdie weg sy dank en waardering aan die personeel oordra vir die nougesetheid en gewilligheid waarmee die dienste gelewer is.



**W F VAN DER MERWE  
VOORSITTER  
RAAD VAN TRUSTEES  
2 JUNIE 2023**



**F VLEGGaar  
ONDER-VOORSITTER  
RAAD VAN TRUSTEES  
2 JUNIE 2023**